eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | GEOGRAFIE |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 19 |

eduresourcza.com

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** vrae.

   **AFDELING A**
   VRAAG 1: NEDERSETTINGS (60 PUNTE)
   VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE (60 PUNTE)

   **AFDELING B**
   VRAAG 3: KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE (30 PUNTE)

2. Beantwoord **AL DRIE** vrae.

3. Laat ’n lyn oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.

4. Begin **ELKE** vraag bo-aan ’n **NUWE** bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Beantwoord vrae in **VOLSINNE**, behalwe waar jy moet noem, benoem, identifiseer of lys. Skryf in volsinne wanneer jy paragraafvrae beantwoord.

7. Meeteenhede **MOET** in jou finale antwoord aangedui word.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer opdrag gegee word om dit te doen.

9. Jy mag ’n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar in BLOU pen.

## AFDELING B: BYKOMENDE INSTRUKSIES EN INLIGTING

11. Uittreksels van ’n 1:50 000 topografiese kaart 2930 CB PIETERMARITZBURG en ’n 1:10 000 ortofotokaart 2930 CB 9 PIETERMARITZBURG, van ’n deel van die gekarteerde gebied, word voorsien.

12. Toon alle berekeninge. Punte word toegeken vir die berekeninge/stappe en **NIE** volpunte slegs vir die korrekte antwoord nie. Die korrekte vervanging moet aangedui word vir die genoemde formule.

13. Handig die topografiese kaart en ortofotokaart terug aan die toesighouer aan die einde van die eksamensessie.


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


# AFDELING A

## VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Pas die term in KOLOM A by ’n verduideliking in KOLOM B. Skryf slegs die korrekte nommer en letter neer, bv. 1.1.8 C.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Standplaas | A | by ’n waterbron |
| 1.1.2 | Droë punt nedersetting | B | werklike grond waarop ’n nedersetting gebou is |
| 1.1.3 | Nat punt nedersetting | C | ligging in verhouding tot die omliggende sentrums |
| 1.1.4 | Aansluitingsdorp | D | ontwikkel weerskante van ’n rivierkruising |
| 1.1.5 | Poortdorp | E | ontwikkel by ’n kruising op die pad |
| 1.1.6 | Oorbruggingspunt | F | gekies om water te vermy |
| 1.1.7 | Ligging | G | ontwikkel by ’n gaping in ’n bergreeks |
| | | H | afstand van omliggende sentrums |

(7x1) **[7]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


1.2 Kies die korrekte model van stedelike struktuur uit die lys wat ooreenstem met ’n stelling hieronder (jy mag ’n model meer as een keer gebruik).
Plaas die vraagnommer in die kantlyn en die korrekte model langsaan, bv.
1.2.9 Sektormodel.

| |
|---|
| ***konsentriese sone-model, Suid-Afrikaanse stad, veelvuldige kern-model, Westerse stad, derdewêreldstad, sektormodel*** |

1.2.1 Stede met meer as een ekonomiese sentrum

1.2.2 Illustreer die beginsel van desentralisasie

1.2.3 Ontwikkel nadat die koloniale era geëindig het

1.2.4 Weerspieël die apartheidsverlede

1.2.5 Stede vanuit Sub-Sahara Afrika is ’n kombinasie van die sektor- en ...-model

1.2.6 Voorgestel deur Amerikaanse geograwe Harris en Ullman

1.2.7 Illustreer afhanklikheid van vervoer.

1.2.8 Ontwikkel in kringe van aktiwiteit rondom die kernstreek

(8x1) **[8]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


1.3 Verwys na die volgende diagram.




*[Bron: https://opentext.wsu.edu/introtohumangeography/chapter]*

1.3.1 Identifiseer die nedersettingsvorm by **A** en by **B**. (2x1) (2)

1.3.2 Verskaf TWEE voordele van die nedersettingspatroon by **C**. (2x2) (4)

1.3.3 Gee ’n rede vir die vorm van nedersetting **B**. (1x2) (2)

1.3.4 (a) Watter van die nedersettings het die beste “ligging”? (1x1) (1)

(b) Verduidelik jou antwoord op VRAAG 1.3.4 (a). (1x2) (2)

1.3.5 Verduidelik hoe die plaaslike regering die

(a) sosiale (1x2) (2)

(b) ekonomiese (1x2) (2)

omstandighede vir die mense wat by **D** bly kan verbeter?

**[15]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


1.4 Verwys na die diagram hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:




*[Bron: https://www.elimuza.com/]*

A – Hoë inkomste residensieel
B – Voorstedelike kantoorpark
C – Lae-inkomste residensiëel/informele nedersetting
D – SSK
E – Oorgangsone
F – Voorstedelike winkelsentrum
G – Industriële sone
H – Landelike stedelike oorgangsone

1.4.1 Definieer die term *stedelike profiel*. (1x2) (2)

1.4.2




(PLWK – Piek landwaarde) *[Bron: Eksaminator se eie diagram]*

(a) Watter van die diagramme (1 of 2) illustreer die verband tussen grondwaarde en grondgebruik in 'n stad? (1x1) (1)
(b) Gee 'n rede vir jou antwoord. (1x2) (2)

1.4.3 Noem EEN kommersiële aktiwiteit wat op die diagram getoon word wat uit die SSK gedesentraliseer het. (1x2) (2)

1.4.4 Gee EEN kenmerk van die sone by **E**. (1x2) (2)

1.4.5 Verduidelik waarom die aktiwiteit in gebied **B** na die buitewyke van die stad gedesentraliseer het. (1x2) (2)

1.4.6 Daaglikse verkeersopeenhopings sou in gebied **D** afgeneem het**,** maar in gebiede **B** en **F** toegeneem het. Stel TWEE oplossings voor wat die stad se vervoerdepartement in werking kan stel om die probleem op te los? (2x2) (4)

**[15]**


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


1.5 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg:

**Die gentrifikasie van Johannesburg**

Die afgelope dekade het verhoogde belegging in die stad deur private ontwikkelaars en openbare agentskappe gesien. Die wispelturige voorstedelike middelklasse, moeg vir winkelsentrums en nuuskierig vir ’n stedelike ervaring, het die markte, koffiewinkels en galerye wat onlangs in die klein stedelike nodusse van Braamfontein en Maboneng ontstaan het, begin oorstroom.

“Maboneng” is die handelsmerk wat toegepas word op ’n samestelling van ou industriële geboue oos van die middestad wat stelselmatig deur ’n enkele ontwikkelaar opgekoop is en omskep is in kommersiële en residensiële ruimtes vir gemengde gebruik. Dit word aktief bemark aan diegene wat “by die stedelike leefstyl wil aansluit”. ’n Veiligheidsmaatskappy wat ’n deurlaatbare grens afdwing, bewaak die gebied subtiel.

Die kontraste tussen die lewe binne hierdie grens en daarbuite is skerp. Op die hoek van Main- en Maritzburgstraat maak boetieks byvoorbeeld oop op boomryke strate wat voorsiening maak vir die stedelike “cool” mense aan die een kant van Mainstraat, terwyl klein winkels met ekstra sekuriteit in verbrokkelende geboue daaglikse noodsaaklikhede verskaf aan die oorspronklike inwoners van die gebied wat klein nywerheidsgeboue en ou residensiële geboue beset wat dateer uit Johannesburg se vroegste dae.

*[Bron: Gentrifying Jo'burg - Architectural Review (architectural-review.com)]*

1.5.1 Definieer die term *gentrifikasie*. (1x2) (2)

1.5.2 In watter grondgebruiksone vind hierdie proses (VRAAG 1.5.1) gewoonlik plaas? (1x1) (1)

1.5.3 Beskryf die fisiese verskil sigbaar aan weerskante van Hoofstraat, op die grens van die Maboneng-distrik? (2x2) (4)

1.5.4 In ’n paragraaf van ongeveer **8–10 reëls,** bespreek stedelike vernuwingstrategieë wat die stad kan bevoordeel. (4x2) (8)

**[15]**

**TOTAAL VRAAG 1: [60]**


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Kies die opsie wat verband hou met die stelling. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 2.2.9 C.

2.1.1 Die boer van diere soos beeste en skape staan bekend as ...

A wingerdbou.
B landbou.
C pastorale boerdery.
D gemengde boerdery.

2.1.2 Die boer van diere en die verbouing van gewasse staan bekend as …

A wingerdbou.
B landbou.
C pastorale boerdery.
D gemengde boerdery.

2.1.3 Die ... sektor is gekoppel aan navorsing en ontwikkeling.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

2.1.4 Die ... is die totale waarde van goedere en dienste wat oor ’n tydperk van een jaar in ’n land geproduseer word, insluitend buitelandse verdienste.

A bruto binnelandse produk
B handelsbalans
C betalingsbalans
D bruto nasionale produk

2.1.5 Produkte wat oorsee verkoop word, word verkoop op die … mark.

A plaaslike
B internasionale
C tuis-
D nasionale

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


2.1.6 ’n ... industrie is naby die kopers geleë.

A Grondstof-georiënteerde
B Markgeoriënteerde
C Vragverbrekingspunt-
D Brugnywerhede

2.1.7 … industrieë word by vragverbrekingspunte opgerig.

A Grondstof-georiënteerde
B Markgeoriënteerde
C Alomteenwoordige
D Oorbruggingsnywerhede

2.1.8 Die migrasie van nywerhede van kern industriële streke na perifere industriële streke staan bekend as …

A desentralisasie.
B sentralisasie.
C kommersialisering.
D agglomerasie.

(8x1) **[8]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


2.2 Klassifiseer die volgende aktiwiteite as verteenwoordigend van die primêre, sekondêre of tersiêre sektor. Skryf die nommer in die kantlyn en die sektor wat elke prentjie voorstel. bv. 2.2.8 Sekondêr.

2.2.1

*[Bron: hthttps://pngtree.com/so/mining]*

2.2.2



*[Bron: shutterstock.com 2255282923]*

2.2.3



*[Bron: https://www.google.com/search?q=free+clip-art+images+of+doctors&tbm]*

2.2.4

*[Bron: https://www.google.com/search?q=free+clipart+images+of+oil+refinery&tbm]*

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


2.2.5



*[Bron: https://www.google.com/search?q=free+clipart+images+of+car+manufacturing&tbm]*

2.2.6



*[Bron: https://www.google.com/search?q=free+clipart+images+of+commercial+farming&tbm]*

2.2.7

*[Bron: https://www.freeimages.com/premium-clipart/silhouette-petrol-station-with-a-small-shop]*

(7x1) **[7]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


2.3 Bestudeer die onderstaande infografika.

**Bydraes tot BBP-groei, 2023 (% punte)**

Ses industrieë het positiewe groei tussen die eerste kwartaal van 2023 en die tweede kwartaal van 2023 aangeteken.

Die vervaardigingsbedryf het met 2,2% toegeneem en 0,3 van 'n persentasiepunt tot BBP-groei bygedra.

Die finansieringsbedryf het met 0,7% toegeneem en 0,2 van 'n persentasiepunt tot BBP-groei bygedra..

Die landboubedryf het met 4,2% toegeneem en 0,1 van 'n persentasiepunt tot BBP-groei bygedra..

Die persoonlikedienstebedryf het met 0,7% toegeneem en 0,1 van 'n persentasiepunt tot BBP-groei bygedra.

Huishoudelike finale verbruiksbesteding het in die tweede kwartaal van 2023 met 0,3% afgeneem, wat -0,2 van 'n persentasiepunt tot totale groei bygedra het.

Die regering se finale verbruiksbesteding het met 1,7% gestyg, wat 0,3 van 'n persentasiepunt bygedra het.

Bruto vastekapitaalvorming het met 3,9% toegeneem.

Veranderinge in voorraad in die tweede kwartaal van 2023 het 0,6 van 'n persentasiepunt tot totale groei bygedra.

Netto uitvoere het -0,8 van 'n persentasiepunt tot totale groei bygedra, ná stygings van onderskeidelik 0,9% en 3,3% in uitvoere en invoere.




*[Bron: https://www.statssa.gov.za/publications/P0441/P04412ndQuarter2023.pdf]*

2.3.1 Definieer *Bruto Binnelandse Produk*. (1x2) (2)

2.3.2 Meld die industrie en sy persentasie- (%) punt wat die meeste bydra tot BBP-groei. (2x1) (2)

2.3.3 Gee die persentasie- (%) bydrae van landbou tot die BBP-groei in 2023. (1x1) (1)

2.3.4 Gee 'n rede waarom vervoer die BBP negatief beïnvloed het. (1x2) (2)

2.3.5 Beskryf die negatiewe uitwerking wat die uitvoergroei van slegs 0,9% en invoergroei van 3,3% op ons ekonomie het. (1x2) (2)

2.3.6 Bespreek DRIE gunstige faktore wat bygedra het tot die toename in die landbousektor in Suid-Afrika. (3x2) (6)

**[15]**


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


2.4 Verwys na die artikel en foto's hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

Binne die Oos-Kaap het die kerngebied van Gqeberha/Kariega (Port Elizabeth /-Uitenhage) baie voordele bo ander kernnywerheidstreke. Die aangrensende Coega Nywerheidsontwikkelingsone (NOS) is die voorkeurbeleggingsbestemming in Afrika. Dit is strategies geleë langs die moderne diepwaterhawe (-18 m) van Ngqura, 'n oorlaaisentrum, wat handel met die res van Afrika en toegang tot internasionale markte vergemaklik. Die gebied het uitstekende industriële grond, verdeel in 14 sones wat aangepas is vir swaar, medium en ligte nywerhede. Sleutelfokussektore sluit in: Metale/Metallurgies, Voertuie, Besigheidsprosesuitkontraktering (BPO), Chemikalieë, Landbouverwerking, Logistiek, Handelsoplossings, Energie en Maritiem.

Coega is die enigste NOS met toegang tot twee hawens, dit wil sê Gqeberha (Port Elizabeth) (-12m) en Ngqura, met doelgeboude houer-, grootmaat- en vrag-verbrekingspuntterminale. Dit is 'n ideale ligging vir sakegeleenthede in Suid-Afrika en is strategies geleë in die middel van Oos-Wes-handelsroetes wat deur die wêreld se groot skeeps- en logistieke maatskappye bedien word omdat dit massiewe vaartuie kan akkommodeer wat nie van die Suezkanaal gebruik kan maak nie.

**NGQURA-HAWE**

**GQEBERHA-HAWE**

*[Bron: Aangepas uit https://www.coega.co.za/site/sez-investments en Google Earth]*

2.4.1 Definieer *vragverbrekingspunt.* (1x2) (2)

2.4.2 Noem die diepwater-hawe binne die NOS. (1x1) (1)

2.4.3 Lys TWEE faktore (uit die artikel en die foto's) wat Coega 'n ideale plek vir ekonomiese ontwikkeling maak. (2X1) (2)

2.4.4 Waarom gee die hawe (antwoord op VRAAG 2.4.2) op die Oos-Wes-handelsroete Suid-Afrika 'n voordeel bo die Suezkanaalroete en ander hawens aan ons kus? (1x2) (2)

2.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer **8–10 reëls,** bespreek die ekonomiese en sosiale voordele van die NOS vir hierdie gebied. (4x2) (8)

**[15]**


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


2.5 Verwys na die onderstaande infografika.

**STEENKOOLVELDE VAN SUID AFRIKA**




*[Bron: https://www.google.com/search?q=map+of+coalfields+in+sa+south+africa]*

**STEENKOOLKRAGSTASIES IN SUID AFRIKA**




*[Bron: https://www.google.com/search?q=map+of+power+stations+in++south+africa]*


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


Suid-Afrika se nasionale teiken vir die vermindering van vrystellings is 398-510 MtCO2e teen 2025, en 350-420 MtCO2e teen 2030.

"Dit is van kardinale belang dat Suid-Afrika se pogings om sy klimaatdoelwitte en oorgang na 'n meer volhoubare ekonomie te bereik, nie in gedrang kom nie. In Suid-Afrika is dit reeds goedkoper om nuwe hernubare energie en berging te bou as om van die bestaande Eskom-kragstasies in stand te hou," het die Duitse ambassade gesê.

Eskom het kragonderbrekings ingestel wat langer as 10 uur per dag duur vir die meeste huishoudings – die ergste op rekord – wat ondernemings in Afrika se mees geïndustrialiseerde ekonomie lamlê.

*[Bron verwerk van: https://www.reuters.com/world/africa/south-africa-can-keep-coal-fired-plants-running-longer-climate-committee-says-2023-05-15/]*

2.5.1 Wat is die teiken vir die vermindering van koolstofvrystelling vir 2030? (1x1) (1)

2.5.2 Verduidelik die verband tussen die ligging van steenkoolkragstasies en die steenkoolvelde in Suid-Afrika? (1x2) (2)

2.5.3 Bespreek TWEE omgewingskwessies wat veroorsaak word deur die gebruik van steenkoolkragstasies. (2x2) (4)

2.5.4 Verduidelik EEN voordeel wat die gebruik van hernubare energie vir die omgewing sal hê. (1x2) (2)

2.5.5 Evalueer DRIE maniere waarop beurtkrag die ekonomie in Suid-Afrika beïnvloed het. (3x2) (6)

**[15]**

**TOTAAL VRAAG 2: [60]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


# AFDELING B

## VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### 3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Verskaf die kaartverwysingsnommer (indeks) van die topografiese kaart suidoos van Pietermaritzburg (2930CB) (1x2) (2)

3.1.2 Waarom neem die spoorlyn in blok **B4** en blok **C4** so 'n kronkelroete? (1x1) (1)

3.1.3 Die hang is (afdraand/opdraand) as jy reis na die stad, langs die gedeelte van die nasionale snelweg (N3) tussen die brug in blok **B1** en die brug in blok **C1.** (1x1) (1)

3.1.4 Die straatpatroon in blok **C3** & **D3** en **C4** & **D4** is …

A onbepland.

B onreëlmatig.

C radiaal.

D 'n roosterpatroon. (1x1) (1)

3.1.5 Verwys na die blok gemerk **1** op die ortofotokaart en bereken die oppervlakte van die bedryf in m². (5x1) (5)

**[10]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


## 3.2 KAARTINTERPRETASIE

3.2.1 Noem TWEE kenmerke in blok **D6** en **D7** wat gewoonlik in landelike-stedelike oorgangsones voorkom. (2x1) (2)

3.2.2 Verwys na die kommersiële aktiwiteit (W) wat in blok **C3** en blok **B3** gevind word en die foto hieronder.

(a) Identifiseer watter tipe winkelsentrum hierdie is. (1x1) (1)

(b) Watter aspek van die terrein het dit moontlik gemaak om hierdie sentrum te bou waar dit is? (1x2) (2)

(c) Die drempelbevolking van hierdie sentrum is groot. Gee TWEE kenmerke sigbaar op die topografiese kaart en die foto waarmee hierdie drempelbevolking gehandhaaf kan word. (2x1) (2)

3.2.3 Identifiseer die primêre aktiwiteit wat in blok **A7** gevind word. (1x1) (1)

3.2.4 Verduidelik die ekonomiese voordeel wat die nywerhede in blok **C5** het deur aangrensend aan die spoorlyn te wees? (1x2) (2)

3.2.5 Verduidelik waarom die sentrale ligging van die industriële gebied, op die ortofotokaart en uitgelig op die topografiese kaart, sosio-ekonomiese voordele vir die bevolking inhou. (1x2) (2)

**[12]**


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


3.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

3.3.1 Definieer *vektordata.* (1x2) (2)

3.3.2 Gee ’n voorbeeld van elk van die volgende simbole soos dit in blok **D4** verskyn:

(a) mensgemaakte lyn
(b) mensgemaakte punt (2x1) (2)

3.3.3 Eastwood (blok **C6**) is naby die rivier Bayne se spruit (blok **C6**) geleë. Verduidelik hoe afstandswaarneming oorstromings in die omgewing effektief sal monitor. (1x2) (2)

3.3.4 Lys TWEE datalae wat gebruik word om die inligting op die topografiese kaart in blok **A3** saam te stel. (2x1) (2)

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [30]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com

Downloaded from eduresourcza.com


**HIERDIE BLADSY IS SLEGS VIR ROFWERK.**

eduresourcza.com


Downloaded from eduresourcza.com